

## 6 Maart

**Skrifgedeelte: Jesaja 49**

**Fokusgedeelte: Jesaja 49:15**

### **Kan 'n vrou haar eie baba vergeet?**

Kan jy onthou hoe jy kleintyd, in tye van seerkry en angs, in jou ma se arms kon gaan skuil? Hoe daar vrede in jou binneste kon kom ondanks die diepste smart, omdat jy die sekerheid van jou ma se liefde kon ervaar? God gebruik hierdie herinnering om vir ons iets te verduidelik van sy liefde vir ons. Iets van God se liefde word weerspieël in die toewyding van 'n ma, haar beskermingsdrang, haar bereidheid om haarself te offer ter wille van haar kinders.

Tog skiet hierdie beeld ook ver tekort. Want ons weet daar is ma's wat hulle kinders verwaarloos, wat selfsugtig is en nie regtig liefde kan gee nie. 'n Aardse ma kan ook haar kind bederf, uit onkunde hom selfsugtig grootmaak.

God se liefde is soos dié van 'n ma vir haar kind, maar dan volmaak. God wil dit op ons hart skryf. Ook wanneer Hy toelaat dat daar pyn en smart in ons lewe kom, moet ons verseker weet dat Hy ons liefhet. Niks kan ons van sy liefde skei nie.

Die Here het sy liefde eens en vir altyd bevestig deur sy dienskneg, die Messias, Jesus Christus te stuur. Hy het die vyand oorwin en verdryf, sodat die kinders van God naby Hom kan leef in die vryheid wat Hy bewerk het. In Hom sluit God met ons 'n vaste verbond. Nou kan ons weet dat Hy ons gebede op die regte tyd sal verhoor, sodat almal kan weet, God is ons Redder.

*Sing: Psalm 42:5 (1936)*

*Dr G Breed (Randburg)*

